



**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 120 g écru Omega Nr. 8; hekelpen van 1,5 mm.

**MATE:** Ongeveer 35 x 72 cm.

**AFKORTINGS:** gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek(steke); sp(s) – spatie(s); blk(s) – blok(kie(s)); osk – oop skulp (1lb, 2ks, 1lb) in dieselfde st of sp; herh – herhaal vlg – volgende.

**Spasie:** 1lb om te begin; \* 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.

**Blokkie:** 1lb om te begin; \* 1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb on blk te voltooi.

**AANWYSINGS:** Begin met 213ks, draai en plaas eerste lb in 9e ks vanaf hekelpen. Hekel 'n ry sps, kyk dan op diagram en voltooi ontwerp daarvolgens tot stippellyn bereik is. Draai diagram om en werk tweede helfte in spieëlbeeld om middelstuk te voltooi. Moenie die gare afknip.

**OMRANDING:** Hekel voort in rondtes oor al vier die rande soos volg:

**1e rondte:** 2kb in elke sp.

**2e rondte:** \* (2lb, 2ks, 2lb) bokant lb van laaste ry van middelstuk, slaan 2 sps oor; herh rondom.

**3e rondte:** \* 1lb in 2ks-sp, 2ks, 1lb tussen 2osk, 2ks; herh rondom.

**4e rondte:** \* (1lb, 2ks, 1lb) in vlg sp, 3ks, slaan 1 sp oor, 10kb (in vlg lb, 2ks, lb, 2ks, lb, 2ks, lb), 3 ks, slaan 1sp oor; herh rondom.

**5e rondte:** \* 4lb in 2ks-sp, 4ks, slaan 1 kb oor, 8kb, slaan 1kb oor, 4ks; herh rondom.

**6e rondte:** \* 4lb in 1e van 4lb, 2ks, 4lb in laaste van 4lb, 5ks, slaan 1kb oor, 6kb, slaan 1kb oor, 5ks; herh rondom.


**7e rondte:** (1osk in 1e van 4lb, 2 ks, 1osk in osk-sp, 2ks, 1osk in laaste van 4lb, 5ks, slaan 1 kb oor, 4kb in 4kb, 5ks; herh rondom.

**8e rondte:** \* ([1lb, 1ks] 4 keer plus 1lb) \* in osk-sp, 2ks \*\*; herh van \* tot \*\* in middelste osk, 2ks, herh van \* tot \* in 3e osk, 6ks, 2kb in middelste 2ks, 6ks; herh rondom.

**9e rondte:** Hekel (1kb, 3ks, 1kb) in elke 1ks-sp, 2kb in elke 2ks tussen "waaier"-vormige motiewe, 1kb in elk van vlg 6ks, 1kb in elke van die daaropvlg 6ks; herh rondom, knip gare af en werk netjies af.

## KEURIG VIR DIE KOFFIETAFEL

### DIAGRAM



### SLEUTEL TOT DIAGRAM

□ = spasie  
 ⊗ = blokkie